

6 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 25-26
Fokusgedeelte: Esegïel 25:1-7

God se heerlikheid moet oor die hele wêreld erken word

Uitsprake teen die nasies rondom Israel word meermale in profetiese boeke van die Ou Testament aangetref. In Jesaja, Jeremia en Esegïel kom daar 'n hele versameling sulke uitsprake voor. Die nasies wat aangespreek word, sluit naby bure soos Ammon, Moab, Egipte en die Filistyne in asook die groot moondhede van daardie tyd: Assirië en Babilonië. Wanneer 'n mens die boodskap van hierdie gedeeltes wil verstaan, moet 'n mens onthou dat die profete gewoonlik die profesieë teen die nasies teenoor Israel uitgespreek het, en nie direk teenoor die betrokke nasie nie. 'n Mens moet dus vra wat die profesie vir Israel beteken het. In die profesie teen Ammon is die aanleiding vir die profesie die feit dat Ammon hom verlekter het in die ondergang van Juda. Die Ammoniete het gedink dat die God van Israel niks beteken nie. Die God kon nie sy volk van Nebukadnesar verlos nie. Nou gaan Ammon self onder die oordeel kom, sodat hulle ook die mag van God sal erken en sy heerlikheid besef. Hulle moet besef dat God sy volk vir hulle sonde gestraf het en dat Hy die sterkste mag ter wêreld as 'n blote instrument kan gebruik. In 'n tyd waar dit lyk of die kerk se invloed al hoe kleiner word, moet ons besef dat God se mag oor die hele wêreld strek en dat almal op die ou end sy heerlikheid sal moet erken.

Sing: Psalm 113:1,2

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)